FONDSINSAMELING RIBBURGEERS

Baie dankie aan elke lidmaat wat die Ribburgerprojek ondersteun het. Ons is dankbaar vir elke lidmaat se diensbaarheid en offervaardigheid. Bo alles dank ons die Here vir sy genade. Dit is Hy wat ons gewillig en bereid maak om vir Hom te lewe en werk. Dit lyk of ons 'n wins van R3 300 ten bate van die kerkkas kan realiseer.

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND
21 MAART2025

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600
R 30 Hamburgers. Worsbroodjies R 30 en Pannekoek R 5



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 9. Sondag 9 Maart 2025
REDAKTEUR: **RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00
Kantoor 018 294 4600
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za
Prediker: Ds Jannes van Dyk
Hulpprediker: Prof Callie Coetzee
Koster Pieter Bouwsema
Web: www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste en kategese.
Ouderlinge: Wyk 1 **Chris van Ryssen** en Wyk 2 **Klaas Wyma**
Diaken: Wyk 1 en wyk 2 **Zurich Terblanche**
Skinkbeurt: Wyke 1 en 2 **Wyksusters Malie Wyma en Elsa Reinecke**

EREDIENSTE Oggenddiens prof Albert Coetzee,
aanddiens prof Francois Muller

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00
Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Baie welkom aan proff. Albert Coetsee en Francois Muller wat onderskeidelik vanoggend en vanaand in die eredienste sal voorgaan. Ons bid u die seën van die Here op die Woordbediening toe en ook op u werk aan die Teologiese Skool. Ds. Jannes het van die kerkraad sy kwartaallikse verlof-naweek ontvang.
Voorafsang: Psalm 93: 1 - 4
Skriflesing: Deuteronomium 10: 12-22
Sang tydens die diens: Psalm 66: 1, 6, 7; Skrifberyming 9-3: 1, 2;
Skrifberyming 10-1: 1 - 4; Skrifberyming 12-3: 1, 2
Seënbede met meelewing: Ps 128: 4

AAND: Woordbediening: Genesis 18: 1-5 & 16–33.
Fokusverse: Genenesis 18: 32b. **Sing vooraf:** Psalm 93: 1
Sang tydens diens: Psalm 18: 1, 12, 18; Psalm 9: 1, 3, 7, 10, 12;
Psalm 32: 1, 3, 6; Psalm 73: 11

KOLLEKTES VANOGGEND: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir die *Dankbaarheidsfonds*
VANAAND: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI)
Volgende week: Spesiale kollekte is vir die *Instituut Christelike onderwys*

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Susan Nortjé is die afgelope week in Mooimed Hospitaal opgeneem. 'n Hele aantal toetse is uitgevoer en sy het ook weer ‘n bloedoortapping ontvang. Bo en behalwe haar niere, is haar hart en longe ook onder geweldige druk. Ons verseker haar, Koos en ook Banie en Marli-hulle van ons voorbidding.

Jan Kroeze is nog steeds in die Anncron Hospitaal waar hy anti-biotika ontvang vir 'n nierinfeksie. Ons verseker Jan, Petro Willem en Lara-hulle en ook Jandri van ons voorbidding.

Suzie Marais het Vrydag 'n veloorplantingsoperasie in Wilmedpark Hospitaal ondergaan. Ons verseker haar en Karel van ons voorbidding.

Jesse Niemand ondergaan Dinsdag 'n operasie in die Klerksdorp-Tshepong Hospitaalkompleks. Ons verseker hom en Stienie van ons voorbidding.

Ons is baie dankbaar vir die Here se genade dat die wond aan **Willem Serfontein** se been sodanig gevorder het dat ‘n veloorplanting nie op die oomblik nodig is nie. Ons bede is dat die verdere behandeling van die wond ook baie geseënd sal wees.

Die heupvervanging wat **Sarie Spaumer** ontvang het, was suksesvol en geseënd. Sy kon reeds Woensdagoggend ontslaan word. Ons bede is dat ons hemelse Vader ook die pad van herstel sal seën.

Ons is saam met **André Vorster** dankbaar vir groot genade. Oor die afgelope drie weke het hy toetse en diagnostiese prosedures ondergaan. Ons is saam met hom dankbaar dat al die uitslae negatief vir kanker was.

WAT VAN ’n KOPPIE TEE/KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?

Die Susters van wyke 1 en 2 nooi almal uit om na die erediens ’n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet

DANKBAARHEID

Ons deel in die vreugde van **prof. Callie en Susan Coetzee** en ook **Hans en Lourensia Laufs** wie se kleinkinders vanoggend in die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos openbare belydenis van hulle geloof sal doen. Mag dit vir u saam met u geliefdes 'n groot dag van vreugde wees.

VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

Flippie en Magda Opperman het vir twee weke by hulle dogter in Pretoria gaan kuier nadat Magda geval en haar knieskyf gebreek het. Ons gebed is dat hulle 'n aangename tyd daar sal deurbring en dat Magda met die hulp van hulle dogter onder die seën van ons Here mooi sal aansterk.

MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegvoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

Dag	Datum	Naam & van
So	09/03	Ds Jannes en Yolandé van Dyk (12 jaar)
Wo	12/03	Charlotte en Herman Henderson (42 jaar)
Do	13/03	Piet en Karen Aartsma (43 jaar)

ALGEMENE AFKONDIGINGS

TER APPROBASIE:

Die naam van diaken **Koos Nortjé** word ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir die diens van ouderling. Indien daar geen wettige besware teen Koos ingebring word nie, en hy die roeping opvolg, sal hy DV op 16 Maart 2025 in die diens bevestig word. Na Koos se bevestiging sal die ouderlinge se toedeling volgens die nuwe wyksindeling bekendgemaak word.

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
So	09/03	10:30	Katkisasie	Kerkgebou
Di	11/03	09:00	Telkommissie vergader	Kantoor
Di	11/03	15:00	Bybelstudie: Huis Eikelaan	Rooi sitkamer
Wo	12/03	18:00	Bybelstudie (Profetiese rede, nr 6)	Konsistorie

KATKISASIE	Sondag 9 Maart	Sondag 16 Maart 2025
Hoërskoolkatkisasie	Les 6	Les 7
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)**	Les 6 Psalm 43: 3 Sondag 6 Onse Vader, 5de bede	Les 7 Psalm 43: 3 Sondag 7 Onse Vader, 6de bede

Baie dankie aan Elsa Reinecke wat vandag die Laerskool katkisasie waarneem en Banie Nortjé vir die Hoërskool katkisasie

---

BYBELSTUDIES

Dinsdag 11 Maart om 15:00 by Huis Eikelaan in die Rooi Sitkamer.
Woensdag 12 Maart om 18:00 in die konsistorie. Dit sal die afsluiting van die bestudering van die profetiese rede wees. Daarna sal ons studie 7 van die Markus-evangelie uit prof. Jordaan se **Voëlvlug uit die boeke van die Nuwe Testament** aan die orde stel.

Almal is by beide hierdie geleenthede hartlik welkom

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
Ma	10/03	**Gert van der Walt (88).**. Wyk 12
Di	11/03	**Stienie Niemand,**. Wyk 2
Wo	12/03	**Alta Hugo,**. Wyk 7
		Ronnie van Tonder, Wyk 13
Vr	14/03	**Chrisjan Kroeze (1),** Wyk 4

Seënbede met meelewing Psalm 128: 4

ATTESTATE **Attestaat ontvang:**

Vanaf Gereformeerde Kerk Parys **Wynand Daniel en Elizabeth Charlotte Serfontein,** die ouers van Rudi en Riana Serfontein. Wynand en Elsje woon steeds in Parys. Hulle word geplaas in wyk 3, huidig die wyk van ouderling Nelis Coetsee en diaken Rudy van der Spoel en wyksuster Dina Coetsee.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel.
Skottelgoedseep, toiletpapier.
(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).

As jy van die donkerste plek op aarde ontsnap het. . Wat sou jou laat teruggaan?

Dit is die vraag wat baie gelowiges op vanjaar se Wêreldwaarnemingslys vir hulself moet beantwoord.

Hulle woon in lande waar die vervolging van Christene baie erg is.

Maar hulle voel dat God vir hulle sê om terug te gaan om die Evangelie te deel.

Sou jy dit waag om die Evangelie te deel, wetende dat dit jou kan kos? Geliefdes, samehorigheid, jou lewe?

In sommige van die donkerste plekke om 'n Christen te wees, waag gelowiges met vrymoedigheid alles om die Evangelie te deel.

Ons Dare to Share-veldtog is ons manier om saam met hierdie gelowiges in die top 10 Wêreldwaarnemingslys-lande te staan sodat hulle Johannes 1: 4 kan uitleef: „Die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorwin nie."

Wanneer gelowiges dit waag , kan God die onmoontlike doen.

Sal jy help om Christene te versterk, wat dit ten spyte van vrees waag om Jesus se Evangelie in die donkerste plekke te deel?

Ons posadres is: Geopende Deure Suider-Afrika
Posbus 1771 Cresta Johannesburg, Gauteng 2118